



ALGEMENE OUEROMSENBRIEF NO. 29 VAN 2020

Geagte Ouers en Voogde

Om middernag van 20 September het die Nasionale vlak van inperking na vlak 1 verlaag.

Dit het bykans geen nuwe implikasies vir die skool nie.

Ons moet steeds werk op 50% van ons fasiliteit se kapasiteit tot 'n maksimum van 250 mense binneshuis en 500 buite. In klaslokale moet die huidige sosiale afstand steeds gehandhaaf word. Ons skoolfasiliteit kan ongelukkig nie al die grade op een slag hanteer met die beperkte getal leerders per klas nie (van daar die huidige rotasie van graad 8 en graad 9).

Soos verduidelik in Omsendbrief 25 van 2020 is graad 10- en graad 11-leerders nou elke dag by die skool. Graad 8- en graad 9-leerders kom elke tweede dag skool toe. Graad 12-leerders skryf tans Rekordeksamen.

Ons leerders dra nou elke dag skoolklere en skoolreëls word toegepas. Ons versoek dat leerders sal voldoen aan drag- en gedragsvoorskrifte. Ons maak staat op ons ouers se ondersteuning in die verband.

Geen georganiseerde skoolsport mag nog plaasvind nie. Wysigings soos aangekondig is slegs op professionele sportlui van toepassing.

Kultuuraktiwiteite is ook beperk tot aanlyn-deelname.

Volgens ons plaaslike onderwysowerhede mag daar GEEN matriekafskied aangebied word nie. Ons gaan egter 'n buiteligteentheid met streng Kovid-reëls huisves. Die vereiste sosiale afstand en Kovid-protokolle sal deurlopend gehandhaaf word en bywoning word beperk tot slegs graad 12-leerders van ons skool. Verrigtinge sal ook teen 22:00 eindig sodat almal teen 24:00 tuis kan wees. (Dit gebeur op Vrydag, 23 Oktober)

Personeel wat tuis was weens ko-morbiditeite moet op 21 September weer aanmeld vir diens. Daar is geen bepaling oor leerders met ko-morbiditeite nie en derhalwe word die huidige *status quo* gehandhaaf.

Ek dink dis belangrik dat ons besef dat die skuif na vlak 1 nie die opheffing van alle voorsorgmaatreëls beteken nie. Kovid-19 bly steeds deel van ons lewens en daar is, volgens kundiges, 'n risiko van 'n tweede golf van verspreiding van die virus.

Die dra van maskers bly verpligtend. Daaglikse Kovid-kontrole moet steeds gedoen word. Leerders moet steeds voor elke klas gesaniteer word en steeds hulle skoolbanke skoonmaak. Leerders moet steeds tuis gehou word indien hulle enige simptome wys. Sou hulle in kontak met 'n positiewe Kovid-geval kom, is daar steeds 'n verpligte tyd van afsondering wat gevolg moet word. Indien 'n leerder of onderwyser positief toets moet die skool dadelik in kennis gestel word.

In wese het NIKS by die skool dus verander nie. Versoeke om nou die reëls te buig, moet asseblief nie aan die skool gerig word nie. Dit is onbillik dat daar nou vanuit ouer geleedere druk sal kom, om reëls te wysig. Dit mag nie gedoen word nie. Respekteer asseblief die posisie van die skool en die veiligheid van sy kinders en personeel.

Die sluitingsdatum vir skole in 2020 is as 15 Desember 2020 gegee. Op daardie dag word rapporte aan alle leerders uitgedeel en skryf matrieks hulle laaste eksamenvraestel vir die 2020-Eindeksamen. Ons

kan dus nie 'n aanduiding gee van wanneer ouers vroeër met vakansie kan vertrek nie. Moet asb. nie van ons verwag om te spekuleer nie. Sodra ons interne eksamenrooster gepubliseer is, kan elkeen sy eie gevolgtrekkings maak.

Geen instap-besoekers word toegelaat nie. Ouerbesoeke moet by wyse van 'n afspraak plaasvind. Besoekers moet ook steeds aan alle Kovid-protokolle voldoen.

Akademie

Die departement het nou bepaal dat daar vir graad 8 en 9 'n punteverspreiding van 80/20 sal geld, ten einde die promosiepunt te bepaal. Deurlopende assessering en praktiese assesseringstake maak die 80% jaarpunt uit en dan sal die November-eksamen 20% van die promosiepunt tel.

Vir graad 10 en 11 is die verhouding 60/40. Ons wag nog om te verneem na die verrekening van praktiese assesseringstake se punte en die verwerking van mondelinge punte in vakke waar dit gedoen word. Aanduidings is dat dit deel van die 40% vir promosiedoeleindes sal vorm.

Toetsreeks: Hierdie toetsreeks is amptelik en vorm deel van die leerder se jaarpunt. Leerders kan dus nie afwesig wees vir toetse nie en slegs 'n doktersbrief sal as verskoning aanvaar word. Geen verlof tot uitstappies, lang naweke en vakansie sal toegestaan word nie.

Die November-eksamen word deur die departement beskryf as 'n toets wat handel oor die werk wat deur die skool gedoen is. Ons gaan egter 'n substantiewe eksamen skryf, aangesien ons werk vir die jaar afgehandel sal wees. *Google Classroom* het verseker dat ons die sillabusse kon afhandel. Ons begin op 9 November met dié eksamen en sal eersdaags 'n rooster publiseer sodra departementele reëlins insake promosies e.a. gefinaliseer en bekend is.

Algemene Jaarvergadering van die ouers

Dié vergadering vind plaas op 19 Oktober 2020. Soos voorheen vermeld, sal meer detail volg aangesien ons die vergadering aanlyn gaan hou.

25 September 2020

Daar is baie duidelik deur die Departement van Onderwys bepaal dat 25 September nie 'n skoolvakansiedag is nie. Graad 12-leerders skryf dié dag Rekordeksamen en ons graad 10 en 11-leerders skryf ook toets op die dag. Donderdag 24 September is wel 'n skoolvakansiedag. Versoeke tot 'n lang naweek sal ongelukkig nie toegestaan kan word nie.

Studente Forum 2021

Ons graad 10 en 11-leerders asook die personeel, het by wyse van *Google Forms* vir die SF van 2021 gestem.

Ons gelukwense aan die volgende leerders wat tot hierdie raad verkies is:

Dogters:

- 1 Aucamp, Esther
- 2 Botha, Shannon
- 3 Botha, Suné
- 4 Burchell, Christel
- 5 Cloete, Juanique
- 6 De Kock, Maria
- 7 Du Plessis, Sarina
- 8 Flockhart, Layla
- 9 Hattingh, Shae
- 10 Human, Ilke
- 11 Jooste, Suné
- 12 Meintjes, Juané
- 13 Meyer, Tina-Mari
- 14 Morrow, Chloë
- 15 Van Tonder, Miñn

Seuns:

- 1 Ackroyd, Luke
- 2 Bezuidenhout, Rikus
- 3 De Beer, Lardo
- 4 Herbst, Adam
- 5 J v Rensburg, Zander
- 6 Kotzé, Marnus
- 7 Le Grange, Andries
- 8 Morland, William
- 9 Potsanyane, John
- 10 Pretorius, Franz
- 11 Pretorius, Petrus
- 12 Swartz, Rickard
- 13 Twala, Banele
- 14 Van Den Berg, Daniel
- 15 Van Der Merwe, James

Die groep sal 'n opleidingsproses deurloop wat by die skool onder streng Kovid-reëls sal plaasvind. Tydens hierdie proses sal hulle dan, soos elke jaar, sêlf die hoofleiers aanwys.

Personeel 2021

Ons antisipeer weer in 2021 'n groei in ons skool se leerdertal. Verder het ons onderwysers wat aftree en verhuis. Gevolglik antisipeer ons die volgende vakatures vir 2021:

1. Sosiale Wetenskappe Graad 8 en 9
2. Engels Huistaal Graad 8 tot 12
3. Afrikaans Huistaal Graad 8 tot 12
4. Fisiese Wetenskap Graad 10 tot 12
5. RTT (Deeltyds) Graad 10 tot 12
6. Tegnologie Graad 8 en 9
7. Wiskunde Graad 8 tot 12

Vereistes vir applikante is:

- Toepaslike kwalifikasies en SACE registrasie
- Diensaanvaarding: Januarie 2021
- Sluitingsdatum van aansoeke: 9 Oktober 2020
- Salaris volgens departementele skale
- Stuur asseblief u CV aan hettie.torlage@hsrandburg.co.za
- Navrae: me. Ellenize Mans (011) 782 6226

Indien u van 'n geskikte kandidaat sou weet versoek ons dat u hulle sal aanmoedig om spoedig aansoek te doen. Ons wil graag ons geleedere versterk met sterk aanstellings.

Ons nuutste Kovid-statistiek

Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry
Maand		September					September				
Datum		14	15	16	17	18	21	22	23	24	25
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	1	1	1	1	1	1	1	1		
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1	1	1	1		
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	0	0	0	0	0	0	0	0		
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0		
	Siekverlof (nié Kovid-19-verwant)	1	1	1	1	0	0	0			
	Gewone verlof	1	2	2	1	3	1	1	1		
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	1	1	1	1	1	1	1	1		
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1	1	1	1		
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	2	0	1	1	2	1	1	1		
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	6	6	4	6	4	7	7	7		
	Siek (nié Kovid-19 verwant)	15	8	15	19	14	1	1	13		
	Afwesig ander rede	27	12	15	18	28	9	9	23		
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	2	2	2	2	2	2	2	2	0	0
	Herstel van Kovid-19	2	2	2	2	2	2	2	2	0	0
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	2	0	1	1	2	1	1	1	0	0
	Komorbiditeit afwesig	6	6	4	6	4	7	7	7	0	0
	Siek (nié Kovid-19 verwant)	16	9	16	20	14	1	1	13	0	0
	Verlof/Afwesig ander rede	28	14	17	19	31	10	10	24	0	0

Brug

Ons vra nog net 'n bietjie geduld van almal. Die handreëlings word voor installasie bewerk en die vereiste verhardingstydperk vir die beton is bykans klaar. Een van die dae kan ons hom in gebruik neem. Dit sal uiteraard 'n groot impak op die verkeer in ons dienspad hê.

Slotgedagte

Kovid het ons almal se lewens kom deurmekaarkrap. Logies is daar opgehoopte frustrasie en spanning wat 'n mens nie moet onderskat nie. Midde baie onsekerhede, reëls en reëlings waarmee mens nie

noodwendig saamstem nie, is uiterste selfbeheersing en nadenke en oordeelkundige optrede geweldig belangrik.

Ons moet aan ons kinders die toerusting gee om hulle frustrasie en spanning positief te ontloot en besig te wees met opbouende en sinvolle aktiwiteite. Graad 8- en 9-leerders kan nie partytjies hou op hulle af dae nie. Hulle moet tuis skoolwerk doen soos op *Google Classroom* voorsien. Tieners is ook nog nie bevoeg om onafhanklik sonder toesig hulle dae alleen deur te bring nie.

As volwassenes het ons 'n groot verantwoordelikheid teenoor die kinders om aan hulle die nodige voorbeeld te stel en die regte leiding te gee.

Baie sterkte aan almal. Ons sal wel hierdeur kom. Ons gaan ook as meer toegeruste en sterker mense anderkant uitkom. Ons bly dink aan huise waar ekonomiese aktiwiteit nog nie mag plaasvind nie en aan huise wat verliese gelei het in hierdie Kovid-tyd. Waar nodig moet u asb. met die skool praat oor skoolgelde. Ook dankie vir die wat steeds aanhou betaal. Ons weet daar is baie wat opofferings maak om hulle skoolgelde te bly betaal en dit word opreg waardeer.

Vriendelike groete.

P Booyen: Hoof